


# NUUS Krummels

## "Wil jy gesond word?"

Gelowiges. Inc. | Lourensrivier-Strand | 26 Maart '26

# Vrae wat die Here vra

**“Waar is jy?”** - sien Nuuskrummels 19 Maart 2026
**“Wil jy gesond word?”** Wie van ons sou nie met ons hele wese ja antwoord op dié vraag wanneer jy siek is, in pyn verkeer, as behandeling nie vinnig genoeg help nie, as die dokter self raadop is, as daar geen ander hulp is nie? Hoeveel te meer as dit Jesus sélf is wat dié vraag vra. Jesus, die Groot Geneesheer, Wonderwerker, Helper, Redder. In Joh. 5:6 vra Jesus dié vraag aan ’n man wat al agt en dertig jaar lank siek was en elke dag by die bad van Betesda saam met vele ander siekes gewag het op genesing.

Soms vind genesing plaas deur ’n wonderwerk, soms gebeur dit terwyl ons bid, soms gebeur dit wanneer iemand sy hande op jou lê en jou met olie salf, maar meestal gebeur dit deur die hulp van ’n dokter, deur ’n operasie, dalk chemoterapie, dalk ’n inspuiting, pilletjie of stropie, salf of pleister. Ek glo die Here wil ook hê dat ons ons liggame moet oppas en voorsorg tref om nié siek te word nie, soos bv. om beskikbare entstowwe te gebruik. Ek weet daar is deesdae lang debatte en meningsverskille oor die Covid-entstowwe, maar tog vertrou ek dat dit ’n hulpmiddel uit die Here se hand is.

Hoe dit ook al sy, alle genesing kom áltyd van die Here af, al is dit deur medisyne of watse mediese hulp ook al. Hou daarom voortdurend jou oog op die Een wat genees en nie die geneesmiddel nie. Ons lees dikwels hoedat Jesus mense met die spreek van ’n woord genees het, maar tog wel ook op ander maniere. So bv. het Hy spoeg aan die doofstom man se tong gesmeer (Mark 7:33) of klei gemaak van spoeg en grond om aan ’n blinde se oë te smeer (Joh. 9:6). Heel dikwels het genesing oombliklik plaasgevind, maar tog het die tien melaatses eers gesond geword toe hulle op pad is om hulleself aan die priesters te wys. (Luk. 17:14) Meestal kom genesing nie in ’n oogwink nie en vereis dit uithouvermoë en geduld van ons kant af. Dikwels moet ons weer en weer bid en nog ’n keer pleit vir die Here se aanraking. En ja, soms kom daar nie genesing nie.

Ons ken al almal iemand wat dood is aan kanker of Covid, ons weet almal van iemand wat met een of ander ongeneeslike siekte saamleef. Ons verstaan dit nie en ons kan dit nie verklaar nie, dit ís egter ’n realiteit. Ons rus en troos lê daarin dat ons nie alleen is nie en dat die Here se arms altyd rondom ons is … selfs al gaan ek ook in ’n dal van doodskaduwee. Kom altyd na die Here met jou pyn – sy hart is sag, sy jammerte lê vlak en Hy sien jou desperaatheid. Stort jou hart voor Hom uit en smeek nog ’n keer vir genesing, nog ’n keer vir Sy aanraking. “Hy het hulle innig jammer gekry en die siekes onder hulle gesond gemaak.” (Matt. 14:14) Mag Hy dit vir jou ook doen.

# Vrae wat die Here vra

“Toe Jesus omkyk en sien dat hulle Hom volg, vra Hy vir hulle: **“Wat soek julle?”**” (Joh. 1:38) Ek het by myself gewonder: ek volg Jesus, sê nou maar Hy kyk vandag om en vra vir my: Wat soek jy? Wie soek jy? Wat wil jy hê? Wat sal my antwoord wees? Wat sal jóú antwoord wees? Soek jy ’n leermeester, iemand wat die Skrif vir jou kan uitlê en kwelvrae oplos? Soek jy na kennis en wysheid? Soek jy dalk ’n vriend, iemand wat jou kan help in tye van nood? Soek jy dalk vis en brood en wil jy wonderwerke beleef? Volg jy Hom omdat almal anders dit doen of omdat jy so groot geword het, omdat dit die “regte” ding is om te doen? Soek jy ’n gemaklike lewe, vry van probleme en bekommernisse? Volg jy Hom sodat Hy in al jou behoeftes kan voorsien en aan al jou eise kan voldoen en jou gebede verhoor? Volg jy Hom dalk net uit nuuskierigheid? Of dalk sodat jy kan kyk waar jy Hom kan “uitvang”, soos ’n Fariseër of Skrifgeleerde? Dié twee waarvan Joh. 1:38 praat, was volgelinge van Johannes, maar hy het na Jesus gewys en vir hulle gesê: “dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.” (Joh. 1:29)

Toe hulle dít hoor het hulle Jesus gevolg. Volg jy Hom omdat jy ’n Verlosser soek, Iemand wat jou sonde kan wegneem, Iemand wat jou die ewige lewe kan gee? Soek jy God se guns en genade? Soek jy aanvaarding en ’n nuwe geestelike familie? Volg jy Hom omdat jy so desperaat is vir Sy aanraking soos die vrou wat net aan die soom van sy kleed wou raak? Dié twee van Joh. 1:38 se antwoord was: waar gaan U tuis? Miskien wou hulle nie sommer net so in die verbygaan met Hom praat nie, hulle wou lang en diep gesprekke met Hom hê, hulle wou in sy binnekring kom. Jesus nooi hulle uit na sy woonplek waar hulle sommer ook kon oornag.

Dit het my laat dink aan die teks in Jak 4:8 wat sê: nader tot God en Hy sal tot julle nader. Volg Hom en Hy sal omdraai en sê: kom bly by My! Dié twee was natuurlik die eerste dissipels en hulle het nooit opgehou om Hom te volg nie. Om Jesus te volg vra ’n prys, dit vra opofferings, dit vra toewyding, dit vra deursettingsvermoë. Jesus sê self in Matt. 16:24: “As mense my volgelinge wil wees, moet hulle hulle hele lewe vir My gee. Om My te volg is baie moeilik. Dit is net so moeilik soos om jou eie kruis na die plek van jou teregstelling toe te dra. As jy net vir jouself wil lewe, sal jy uiteindelik jou lewe verloor en in die doderyk beland. As jy egter bereid is om jou lewe aan My te wy, sal jy beslis ’n plek kry in God se nuwe wêreld.” Bereken weer die koste en besluit of jy Hom enduit sal volg en wat jou antwoord sal wees as Hy sou vra: Wat soek jy?

Geleen ~ Wilna - www.heuning.co.za



# Voorbidding

**Voorbidding:**

- Doempie Steyn
- Deon Dixon
- Langie Langenhoven
- Esmarie Terblance
- Chris Bester
- Gideon Theart
- Anton le Roux
- Die de Beer familie
- Johanna van Greunen
- Erica Thesner - Kotze
- Annaleen Volschenk
- Coenie Baard
- Elaine Berning

- Ons hart gaan uit na alle ander siekes en anonieme gebedsversoeke.
- Spesiale voorbidding vir Huis Jan Swart se inwoners en personeel.
- Aan almal wat die afgelope tyd 'n geliefde aan die dood moes afstaan. Ons harte voel saam met julle seer. Ons bid dat God se troos, vrede en liefde julle sal omvou en versterk in hierdie moeilike tyd.
- Bid asseblief vir die haweloses.

**Ons nooi julle hartlik uit om saam met ons in gebed te tree voor die Erediens in die Gebedskamer.**
**Elke Sondag 08:30 - 08:55**

# Rapha
VROUEGROEP

Ons nooi al die Dames hartlik uit om by Rapha Vrouegroep aan te sluit.
Ons kom elke 2de Maandag - aand in die Kerk se Gebedskamer bymekaar om 17:30.

Sakel gerus vir:
Carla Briedenhann - 083 643 0653 of
Karin Kuys - 083 643 0653 vir meer inligting

# Koffie Tee

*Kom en geniet 'n koppie Koffie/Tee saam met ons elke Sondag na die Erediens in die ingangsportaal, en gesels met ou bekendes en maak nuwe vriende.*



***Koffie = Konneksie***

***Neem asb. kennis van die Kerkkantoor se tye gedurende die skoolvakansie***

Maandag 30 Maart: 8:00 - 12:00
Dinsdag 31 Maart: GESLUIT
Woensdag 1 April: 8:00 - 12:00
Donderdag 2 April: GESLUIT
Vrydag 3 April: GESLUIT - GOEIE VRYDAG
Maandag 6 April: GESLUIT - FAMILIEDAG
Dinsdag 7 April: GESLUIT
Woensdag 8 April - Skole open,
normale kantoorure.





**April + Mei Vakansiedae:**

3 April - Goeie Vrydag - Kantoor gesluit
6 April - Familiedag - Kantoor gesluit
27 April - Vryheidsdag - Kantoor gesluit

1 Mei - Werkersdag - Kantoor gesluit
14 Mei - Hemelvaart - Kantoor gesluit







**Nee dit is nie 'n Monster Truck nie!**

Een van die selfoonnetwerke het herstel- en verfwerk aan die Kerktoring gedoen:

- Fibreglass is herstel
- Toring is geverf en
- die Kruis is reg gemaak (stormskade)

Dan wil ons graag ook baie dankie sê vir die anonieme donasie vir die herstel van die kruis

Wil jy graag iewers 'n verskil maak?
Huis Jan Swart het altyd hulp nodig.
Die inwoners benodig gereeld die onderstaande items.
Julle is welkom om dit direk by HJS af te lewer of by die Kerkkantoor.
Skakel Bernice by die Kerkkantoor vir meer inligting: 021 853 5991

Inwoners in Gange:

- Seep (verkieslik wit seep)
- Tandepasta
- Tandeborsel
- Roll-on
- Shampoo
- Waslap

HJS
Huis Jan Swart



Sorgafdeling Inwoners:

- Seep (verkieslik wit seep)
- Tandepasta
- Tandeborsel
- Roll-on
- Shampoo
- Waslap
- Lyfpoeier
- Lyfroom (Aquas cream)
- Prep

## Interessante feite oor die Bybel

.

- Die oudste manuskrip van die NT is 'n papirus fragment wat verse uit Johannes 18 bevat. Geleerdes dink dat dit uit ongeveer 125 n.C. dateer.
- Vroeë Christene het ook die Bybel lukraak oopgeslaan, as hulle 'n antwoord op 'n probleem wou ontdek, en die eerste reël gelees waarop hulle oë val, en dit as 'n goddelike boodskap aan hulle beskou. Dit was so gewild dat dit gereeld deur die eerste kerklike konsilies veroordeel is.
- Die woord Bybel kom van die ander Griekse woord vir die papirus plant, biblos, omdat die pit daarvan gebruik is as papier. Die pit van die papirus plant ('n soort biesieplant wat in die Nylrivier gegroei het) is kruis en dwars gelym en dan glad geskuur. Lengtes hiervan is ook aan mekaar vasgelym om boekrolle te vorm. Mettertyd is sulke papirusbladsye aan mekaar gebind in boekvorm, wat kodekse genoem is (bv. die Alexandrynse kodeks ens.).
- Ons hoofstuk- en vers indeling kom uit die tyd toe die teks van die Vulgaat, die amptelike Bybel van die Roomse Katolieke Kerk in Latyn, verdeel is in hoofstukke in die 13de eeu deur Stephen Langton, 'n professor van Parys, en in die 16de eeu ook in verse deur Robert Estienne, 'n Franse uitgewer, wat verwysings na die Bybel makliker as tevore gemaak het.
- Maar dit het natuurlik ook tot gevolg gehad dat mense die Bybel anders gesien en hanteer het as te vore. In plaas daarvan dat die Bybel (of 'n boek in die Bybel) in die eerste plek as 'n geheel gelees is, kon mense nou makliker fokus op individuele verse om sekere dogmatiese punte te beklemtoon. Lectio (lees) het baie makliker oorgegaan in Questio (bevraagteken).

## Die BERG- EN SEEKLUB VIR SENIORS

**kom op Donderdag 9 April '26 om 09:50 by die NG Omgeegemeente (Moederkerk} in Andries Pretoriusstraat in Somerset-Wes bymekaar.**
**Ronelle Foster vertel ons by hierdie geleentheid hoe kanker haar lewe gered het.**
**Kom geniet gerus 'n lekker koppie tee of koffie, verversings en goeie geselskap vanaf 09h:15.**
**Almal welkom.**
**Bywoningsgelde vir lede: R20/besoekers: R30**



**Skakel asb vir Naas du Preez vir meer inligting**
**082 804 1729 | ndupreez022@telkomsa.net**

## Die Ruimte Sentrum

in Millsstraat 96,
verkoop weer weekliks **heerlike druiwe**, vars afgelewer vanaf De Doorns.

Vanaf:
Donderdag, 19 Maart 2026.
Koste: R120.00 vir 3.5kg

*Plaas asseblief u bestelling teen Dinsdae17h00 vir afhaalop Donderdae, vanaf 8:30*

*Skakel Marinda / Gerda by 021 - 854 8234*





# 16-18 Oktober '26

Save the Date · Save the Date · Save the Date ·

**Gemeente Kamp!**

Almal baie welkom
Skakel asb. die kerkkantoor indien jy belangstel om saam te kamp

Kampterrein: Khomeesdrift buite Riviersonderend
Karavane: Ja
Krag: Nee

Lourensrivier-Strand

# Aanbidding en Barmhartigheidsbediening

## Winterwarm in Julie

*As jy graag jou hande besig wil hou... begin dan solank om Musies, Serpe en Komberse te Hekel/Brei vir ons*
***Winterwarm in Julie Projek***

Let your light shine

NGK Lourensrivier - Strand

# FeesMark

## 23 October - 7 November ‘26

***Het jy al aansoek gedoen om die jaar by ons Mark uit te stal?***

Ons is opsoek na uitstallers wat Goeie Kwaliteit, Handgemaakte Produkte, asook Unieke Items maak om by ons Mark uit te stal.

Vir ‘n aansoekvorm, stuur gerus ‘n e-pos na:
lourensrivierfeesmark@gmail.com of
gaan na ons webblad en laai al die nodige dokumente af



**Keuringsdag 30 Mei**

**Skakel gerus die Kerkkantoor vir meer inligting: 021 853 5991**

**Aansoeke sluit 30 Mei**

# KENNISGEWING!

## *Baie Belangrik*

1. **Gaan soek jou Bybel**
2. **Stof hom af**
3. **Bring hom die komende Sondag saam!**
4. **Bring jou leesbril ook saam!**
5. **Jy gaan nou self uit jou Bybel lees tydens die Erediens**





## Onthou asb!

**Hou aan om plastiekdoppies en brood "tags" te versamel.**
**Jou bietjie, maak 'n verskil in iemand se lewe.**
**Laai asb. af by die Kerkkantoor.**

# HELDERBERG SENIORKLUB

**BYEENKOMS:** Dinsdag 7 April 2026
**PLEK:** NG Kerk Helderberg, Firmountweg, Somerset-Wes
**TYD:** 09:00 Tee en verversings
09:30 Samesang en program
**TEE:** Lede: R10-00; Besoekers: R20-00
**SPREKER:** *Elkarien Fourie kom gesels oor: "China"*
*Haar boek oor China is te koop teen R175.00, slegs kontant*



**Ons nooi alle afgetredenes hartlik uit na ons byeenkoms. Almal baie welkom!**
**Apolonia Maritz – 021-853 7560 / 082 5077 091**

TEMA: OP DIE SEE

# NG Kerk Die Strand

Alle matrose en seerowers welKom!
Klim aan boord en Kom vaar saam met ons na 'n dag vol pret, Kos en Kuier!

28 Maart 2026 Deure open om 09:00

Die KlereboetieK en Witolifant-tafel is reeds oop vanaf 07:00 –
vroeg-op-voëls; hierdie een is vir julle!
Moenie die vaart misloop nie – die anKer lig vroeg!

BirKenheadstraat 40

NG GEMEENTE Die STRAND

---

SHARE YOUR FAITH

# EVANGELISM EXPLOSION

## DEEL JOU GELOOF

## Evangelie Getuienis Seminaar

**Prakties! Effektief! Dinamies!**

'n 'Handige' benadering om vriendskappe te bou, die GOEIE NUUS te deel ...en jou geloofsgemeenskap te help groei...

Leer verstaan en deel die verlossingsboodskap van Jesus eenvoudig, vrymoedig, kort en kragtig met geliefdes en vriende – maak 'n ewigheidsverskil!

## Lourensrivier NG Kerk

**H/v Broadway Blvd & Da Gamastrate, Strand**

**Saterdag 9 Mei 2026 08.00–13.00**

Semiaarfooi: Persoonlike liefdesoffer, opwindende seminaar-, uitreikmateriaal & verversings

Bevestig asb. jou en vriende se plekke nie later nie as Wo. 6 Mei. by

**Retha 072 510 8808**

Gelowiges en vriende van alle gemeenskappe is hartlik welkom




**Registration <u>now open</u> for the 2026 Walking with Wounded Children Course (De Doorns)**

**REGISTRATION CLOSES 3 APRIL 2026 (MAX 20 PARTICIPANTS)**

Please visit our website to learn more and enroll: www.petra.co.za/courses/walking-with-wounded-children-de-doorns-2026

## Dates: 26 April to 8 May 2026
## Location: Petra Institute, De Doorns (Western Cape)

This course is designed to equip children's workers to work with emotionally wounded children on a very fundamental level. During the course, each participant sees a child five times under the supervision of the course facilitators.

**We strongly believe that the relationship between the helper and the child is key to healing**.

Here is what Jurita Saayman (Honours in Psychology and a Master's in Pastoral Care) has to say about Walking with Wounded Children:

"***The fact that the whole model is compiled against the background of academic information, makes it stand alongside academic education. It's well-founded, it is based on sound principles, it does not stand back to any academic course – to tell the truth, after these two weeks, I feel that well equipped because I can use what I have learned.***"

Applicants must currently be involved in children's ministry and fluent in English.
No previous psychological/counselling training is required, but it will be advantageous.

#PetraInstitute #DeDoorns #WesternCape #ChildrensMinistryCourse #HealingHearts #ChildCounselling #TraumaRecovery #ChildhoodTrauma

Jy kan ook jou **Dankoffer en Bydrae**s vir die gemeente deur die ZAPPER selfoon toepassing gee.

**Bank inligting:**

Lourensrivier Gemeente ABSA (Strand)
Takkode: 334-312
Reknr.: 420 580 231
Verwysing: naam en van
e-pos aan: fin@lourensrivier.co.za

zapper™ pay with MasterCard VISA and many more
www.zapper.com
scan to pay this bill

Kontak die kerkkantoor om in te skakel, of vir meer inligting: 021 853 5991

**RAPHA VROUE**
Elke tweede Maandag.

**SENIOR MANNE**
Woensdae 08:30 voor in kerk

**VROUEGROEP**
Woensdae 09:00 in die gebedskamer

**MANNEGROEP**
Vrydae 05:30 in die Konsistorie

**Kontak ons gerus : 021 853 5991**
Predikant: Ds. Derick Boonzaaier
derick@lourensrivier.co.za

**Admin kantoor-ure**
Maandag: 09:00 - 14:00
Dinsdag - Donderdag: 08:00 -14:00
Vrydag: 08:00 -13:00
Skriba: admin@lourensrivier.co.za

**Finansies kantoor-ure**
Maandag: 09:00 -12:30
Dinsdag - Vrydag: 08:00 -12:30
Finansies: fin@lourensrivier.co.za

**Gemeente-Webblad**
https://lourensrivier.co.za/

**BESOEKERS / NUWE LIDMATE**
In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken.

As jy 'n **GEBEDSVERSOEK, of 'n HUISSBESOEK VERLANG,** vul dit ook in die boekie in.
Of stuur jou navraag/versoek na admin@lourensrivier.co.za
Kontak Ds. Derick direk vir enig besoeke of afsprake 082 333 6012

Stoor (save) asb. die nommer op jou selfoon - anders kan jy dalk nie die boodskappe kry nie
***Lourensrivier-WhatsApp Groep***
Stuur 'n WhatsApp met jou naam na
Ds. Derick: 082 333 6012 of
Lémari: 082 692 9086
as jy op die kerk se WhatsApp groep wil wees.

Lourensrivier-Strand

**ONDERSTEUN asb.**
**PLAASLIK**
**voordat daar niks meer**
**PLAASLIK**
**is om te ondersteun nie.**

Shop Local

MSA
MARIUS STENEKAMP
ATTORNEYS

Unit 2, Little Greece
George Str, Strand
P.O. Box 1170, Strand, 7139
Tel: 021 837 1235/6
Fax: 086 274 2003
Cell: 084 448 4429
marius@stenekamp.co.za
www.stenekamp.co.za

SECURE SE
www.securese.co.za
Secure SE
FIRM. FIXED. SAFE
Secure SE Pty Ltd
Reg.no. 2019/270620/07 | PSIRA no. 4606196
stephan@securese.co.za
084 499 5858
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

www.camlivevision.co.za
CAM LIVE VISION
FOR ALL YOUR MONITORING AND SECURITY NEEDS
Cam Live Vistion Pty Ltd
Reg.no. 2010/003490/07 | PSIRA no. 2185751
info@camlivevision.co.za
021 851 6023
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

Blue Crane Funerals
For all your funeral arrangements.
Vir al jou begrafnis reëlings.
TEL: (021) 853 3952
10 Gordons Bay Road, Strand
info@bluecranefunerals.co.za
www.bluecranefunerals.co.za

www.volantraorbital.co.za
VOLANTRA ORBITAL
VOLANTRA ORBITAL
The power to protect
Volantra Orbital Pty Ltd
Reg.no. 2014/183888/07 | PSIRA no. 2707006
info@volantra.co.za
021 851 6023
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

Flaméros®
CHICKEN GRILL
187 Main Road, Strand
021 854 7774

FTH ACCOUNTANTS
The name you can ACCOUNT on
Floris Ter Haar
Professional Accountant (SA)
SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF PROFESSIONAL ACCOUNTANTS
Tel: 021 853 4266
Cell: 082 741 7076
Fax: 088 021 854 5741
E-mail: floris@fthacc.co.za
20 Conradie Street
Strand, 7140
Skype: fterhaar

HELDERBERG
HBP
BUILD & PAINT
CHAPPIE JACKSON (STUART)
info@hbp-group.co.za • 082 872 6830
www.hbp-group.co.za

Het jy hulp nodig om finansiële sekerheid te kry?
Willie Fourie
Senior Finansiële Beplanner
021 853 2179
082 468 1099
admin@arcani.co.za
Ek kan jou behulpsaam wees met:
- Finansiële beplanning
- Lewensdekking
- Ongeskiktheidsdekking
- Spaar en beleggings
- Aftreebeplanning
- Spaar vir opvoeding

Sanlam Lewensversekering Beperk is n gelisensieerde lewensversekeraar, n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en n geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP43).
Sanlam
Lewe met sekerheid